

**Saterdag 24 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 19:11-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 19:19-21**

**Kyk hoe die Ruiters op die wit perd ook die diere uit die see en die aarde oorwin**  
Anders as in Openbaring 6:2, is daar in 19:11-21 geen twyfel nie: die Ruiters op die wit perd is Jesus Christus, “die Woord van God”, wat in die krisis van Armageddon terugkeer om al sy en jou vyande te oorwin. Ons keer in hierdie laaste perikoop van hoofstuk 19 kortliks terug na die oomblik net voor die “hallelujas” waarvoor ons gister gehandel het.

Op die dag van Jesus se wederkoms, wanneer die hemelse leërs op perde agter Hom aan ry, word die draak van hoofstuk 12 saam met sy drie bondgenote en almal wat hom gevolg het, in een magtige, finale offensief verslaan en in die poel van vuur en swael gegooi. Hulle gaan saam onder, hoewel hulle onderskeie verhale onder verskillende simbole en in verskillende paragrawe vir ons as lesers geskilder word. Ons kon reeds handel oor die ondergang van Babilon, die onsedelike vrou. Nou mag ons ook sien hoe die Antichris en die leuengees van Satan finaal oorwin word.

Só seker is die oorwinning van die Christusruiter dat ’n engel wat Johannes by die son sien staan, byvoorbeeld die roofvoëls roep om bymekaar te kom vir die groot feesmaal wat God vir hulle gereedmaak. Die slagting van diegene wat byeenkom om teen Christus en sy hemelse leer oorlog te maak, hoef nie in besonderhede beskryf te word nie. Die Koning van die konings oorwin sy vyande “met die asem van sy mond”. Net soos in 20:9b behaal Hy die oorwinning byna terloops en “sonder seremonie” wanneer Hy op presies die regte oomblik verskyn!

Baie spoedig ná die groue feesmaal van die roofvoëls op die slagveld van Armageddon breek die heerlikste van alle maaltye aan: die bruilofsmaal van die Lam op die nuwe aarde. En onthou: jy wat Jesus Christus deur ’n ware geloof omhels, is ook na hierdie wonderlikste van maaltye uitgenooi!

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 11, 12*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (emeritus)*